**Dinsdag 20 Desember**

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:1-33**
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:18**

## Bevryding in 'n ware persoonlike verhouding met die Here

*Ek het gedink dit is klaar met my* – wanhoop, bitterheid (vs 19-20): "Die gedagte is gif en gal vir my." Die man beleef dat die Here die dinge aan hom gedoen het: Hy het my geslaan, Hy stoot my die duister in, Hy weier om my gebed te verhoor. Daarom die angel: … ek het gedink dit is klaar … *met my hoop op die Here*. Ellende vernietig hoop.

Ons hoor ook: God is dood! Daar is nie 'n God as ek so moet ly nie! Dit help nie ek bid nie, ek glo nie meer nie …! Ons skrik vir sulke uitsprake, maar ken ons ware uitsigloosheid?

Dit is waar Juda was in ballingskap: Met ondenkbare lyding is Jerusalem, selfs die tempel, verwoes! Die volk weeklaag (1:12; 2:13): Wie se lyding kan vergelyk met hare? Nou kom iemand en sê: *Ek is die man wat ellende belewe het* … die een wat gedink het dit is klaar met my hoop op die Here.

Hierdie man word die Woord wat die bruid van die Here aan die hand neem en saam die pad in vertwyfeling loop. Hy begin met die kennis dat niks toevallig is nie – alles word deur die Here beskik. Dan vervolg Hy: Neem ter harte (vs 21) dat God se liefde in die verlede standvastig was, daarom het ons nie vergaan nie; Hy roep (vs 26): … *dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here*. Hy leer dat ware uitkoms nie *iets* is wat ons op ons gebede ontvang, soos om uit lyding bevry te word nie, maar 'n ware verhouding met God Self.

Uitkoms is nie om te verstaan, te hoor daar is mense wat swaarder kry nie. Jy word bevry wanneer jy besef: Jesus Christus het ter wille van ons hierdie lydenspad tot by die diepste duisternis sonder bitterheid geloop. Glo ongelyf in Hom (vs 25): Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop. Op 'n god wat ons self skep, optree soos ons wil hê, kan niemand hoop nie. Glo: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom (vs 24). Die Woord bring ons in lyding by die wese van ons verhouding met God.

*Sing: Psalm 73:2, 6, 10 (1936); Psalm 73:4, 5 (2001)*

*Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)*